# GrietGriet

e-pos: magrietjie@up.ac.za
web: www.up.ac.za/magrietjie

April 2014
Volume 16




Die volgende GrietGriet word uitgegee in Julie 2014.

*GrietGriet is also available in English - please let us know if you'd prefer the English version.*







## MET LEEDWESE: PROF. ROELF VISSER

Professor Roelf Visser, geliefde Direkteur van Koshuisaangeleenthede en Akkommodasie is op 31 Januarie 2014 oorlede. Hy was 'n Tukkie student wat Bourekenkunde gestudeer het, en gedurende sy studiejare, sy tuiste in Huis Taaibos gevind het. Akademie was 'n prioriteit vir hom en hy het later jare 'n pos as dosent beklee. Sy betrokkenheid by die universiteit, sowel as by studente en hulle algemene welstand, was van onskatbare waarde! Hy het vanaf 1994–1997 die rol van huisvader by sy alma mater, Huis Taaibos vervul. Vanaf 1998-2003 was Magrietjie so geseënd om hom as hul koshuivader te kon leer ken. Vanweë sy suksesvolle bydrae as koshuishoof, was hy die aangewese persoon om aangestel te word as die Direkteur van koshuise. Hier het hy na hartelus sy passie uitgeleef vir fisiese bouwerke en verbeteringe aan koshuise, maar groter nog die 'bouwerk' in studentelewens! Leierontwikkeling en elke koshuisstudent se welstand het hom baie na aan die hart gelê. Volgens die Perdeby, het Prof Roelf, soos hy onder koshuisstudente bekend gestaan het, 'n beduidende invloed op soveel as 75 000 studente gehad tydens sy loopbaan aan die Universiteit van Pretoria. Bouprojekte wat hy aangepak het sluit onder meer in die bou van die nuwe proefplaaskoshuis, TuksVillage, die koshuis by Onderstepoort, die nuwe eetsaal op LC en die restourasieprogram van al die koshuise wat tans op dreef is.
Die afsterwe van Prof Roelf het werklik 'n leemte gelaat by Tukkies. Sy toewyding, trots en deursettingsvermoë het die hoeksteen gelê vir 'n stewige fondasie waarop daar met groot sukses voortgebou kan word! Dankie Prof Roelf vir alles wat u vir koshuise gedoen het, en vir ons, die inwonende studente beteken het! Prof se nalatenskap is ongeëwenaar!








## PIENK FIETSE WYS WEER HUL GESIG

Die bekende pienk fietse het weer, nadat ons 'n borg gekry het om hulle rybaar te maak, die son gesien tydens die JOOLoptog van 2014. Ongelukkig is daar net vier fietse oor van die oorsponklike 12, maar dit het beslis die oog gevang tydens die jooloptog. Ons wil graag versoek dat enige Alumnus wat 'n fiets het wat by die huis in ongebruik is (dit hoef nie pienk van kleur te wees nie), dit groot asseblief vir ons te skenk sodat ons die oorspronklike 12 fietse weer in volle glorie kan herstel. Stuur net 'n epos na magrietjie@up.ac.za en ons kom haal die fiets.

## PIENKMELODIENK!

IenkMelodienk 2014, die eerstejaarskonsert was, soos gewoonlik, ‘n bron van groot opwinding by UP. Ten spyte van die verkorte optredetyd, sowel as ‘n onwelkome reënonderbreking, het die eerstejaars van TUKS se koshuise nie hul gehoor teleurgestel nie.
Temas soos dié van Mopanie se “Cowboys”, Nerina se Sirkus en Erika se “Annabelle Doll” het in die verloop van die aand op die planke verskyn. Magrietjie se tema, die verhaal van die Drie Varkies, het met kreatiewe gebruik van die pienk huisdrag, wat van hierdie jaar af die verpligte optreedrag is, die oog gevang. Die Spikkels van Huis Magrietjie het die gehoor en beoordelaars aan hulle voete gehad en het in die proses ‘n **eersteplek** onder die dameskoshuise verower.
‘n Spesiale woord van dank aan ons Kultuur Ekstern, Lanthé Louw, wat haarself in hierdie eerste kultuuraand van 2014 oortref. ‘n Spesiale dank ook aan Christine van Aswegen, Magrietjie se vorige Kultuur Ekstern wat die Ienkkonsert help choreografeer en afrig het. Ons is trots op ons nuwe Pienk Spikkels, en opgewonde oor die jaar wat vir Magrietjie voorlê!



## OP DIE BOONSTE “SPORT-LEER”

Magrietjie is besig om al hoër hoogtes te bereik in sport. Ons het die jaar afgeskop deur ons tekkies af te stof en spiere te strek na ‘n lang vakansie om reg te wees vir 'n dag op die atletiekbaan met Ienkatletiek. Die Spikkels het niks teruggehou nie en met hul entoesiasme en ongelooflike uithouvermoë ‘n $4^{de}$ plek behaal na Vividus Dames ($1^{ste}$), TuksSport ($2^{de}$) en Asterhof ($3^{de}$).
Die sport meisies het kort daarna die sokkerveld betree. Met hul skopskoene aan het hulle 'n paar doele aangeteken en ook gekeer. Dit het beteken dat ons tot die semi-finaal deurgedring het en met 'n $3^{de}$ plek weggestap het.
Steeds was dit nie die einde van Magrietjie se vertoning nie want dit was weer tyd vir Drastoel - Magrietjie se gunsteling sportaktiwiteit! Na 'n paar stresvolle oomblikke waar Madelief die voortou geneem het, het die Magrietjie meisies verbygeskiet en weereens die Drastoel-kroon verower.

Wel gedaan aan al die sportmeisies wat Magrietjie se naam so hoog hou!

## MAGRIETJIE EN KOLLEGE JOOL SAAM

Magrietjie het Jool 2014 saam met Kollege aangepak. Die optog het op 1 Februarie plaasgevind op die LC de Villiers sportgronde. Soos wat die gewoonte by Kollege is, word dié week nie gefokus op vlotbou nie, maar eerder op fondsinsameling en gemeenskapswerk.
Hierdie jaar se ywerige Spikkels het nie blommetjies gevou nie, maar het tuisgemaakte kous-poppe gemaak saam met die Vremies van Kollege. Die vlot het gespog met blikkieskos, speelgoed, skryfbehoeftes en komberse wat deur die week ingesamel is. Nie net het hierdie joolpoging van die ‘Magrietjie Kollege Coalition’ teruggegee aan die gemeentskap nie, maar die jooloptog op 1 Februarie was ook ter nagedagtenis aan Prof. Roelf Visser, wat op Vrydag, 31 Januarie oorlede is.
Deur die week het die Joolkomitee baie tyd by Syanqoba kinderhuis spandeer en op Sondag 2 Februarie het Magrietjie en Kollege al die kos en speelgoed daar gaan aflaai. Tesame met die kos en speelgoed, is daar ook 'n klimraam geskenk wat deur die joolspan gebou is.
Alhoewel die Jooluitslag gewys het dat Magrietjie en Kollege se vlot slegs ‘n $5^{de}$ plek in die optog behaal het, is baie minder-bevoorregte kinders se lewens in die proses aangeraak – dus ‘n eersteplek in ons oë.







Ons is baie dankbaar vir **Chantal Scholtz (Hefti)**, ‘n Magrietjie alumnus en haar man Clinton Scholtz, die eienaar van Teknicote Paint, wat 140 liter verf geborg vir die Magrietjie JOOLprojek wat by Siyanqoba Feeding Foundation plaasgevind het. Hierdie borg het baie beteken vir ons projek en ook die meisies van Huis Magrietjie. Van ons kant af baie dankie vir die bydrae, dit het ‘n ongelooflike verskil gemaak!







*I believe in pink*
*(deur Audrey Hepburn)*

I believe laughing is the best calorie burner. I believe in kissing, kissing a lot. I believe in being strong when everything else seems to be going wrong. I believe that happy girls are the prettiest girls. I believe that tomorrow is another day and I believe in miracles



Hierdie weergawe van die GrietGriet is saamgestel deur die redaktrise, Joalise Janse van Rensburg.

Word deel van die Magrietjie Alumni groep op facebook! https://www.facebook.com/groups/7131942833/
En volg ons ook op twitter by @MagrietjieRES

As u enige iets met ons wil deel kontak ons gerus by magrietjie@up.ac.za
Ons sien uit om van julle te hoor!

## WAT IS DIE "PAD NA JOU HART"?

Donnalee Roberts en Ivan Botha het tydens WelkomWeek 'n draai kom maak by Magrietjie. Donnalee, oud-Magrietjie, was HK in 2005 en was ook in 2006 gekroon as joolkoningin. Hulle is albei bekend vir hul rolle in 7de Laan (Annelie en Pieter) en dan ook ander films soos Klein Karoo en Bakgat, onderskeidelik. Hulle het die tydjie gebruik om met ons oor hul nuwe film, 'Pad na jou Hart', te kom gesels. Dié is op 14 Februarie in teaters vrygestel en was 'n groot sukses. Die DVD behoort binnekort beskikbaar te wees, so doen jouself 'n guns en kyk dié eg Afrikaanse film.







## GRIETJIE PIGGY

Hierdie jaar se Grietjie Piggy was 'n 'mode' parade uit die boeke! Die Spikkels het opgedaag in 'n groot verskeidenheid uitrustings saam met hul 'vet' varkies. Daar was 'n verskeidenheid: van prinsesse en dokters tot hippies en enige denkbare kostuum. Die beoordeelaars was oud HKs, Christine van Aswegen en Jessica Makua, saam met Arno van die VSR en Christiaan van Taaibos. Die swaarste varkie van 2014 was dié van Marike Naude wat 6kg geweeg het. Saam met al die ander varkies se munte, is daar 'n groot bedrag geld ingesamel vir Jool. Grietjie Piggy was 'n reuse sukses en al die Spikkels het hul gate uit geniet.





## UIT ONS SKATKIS...

Kirsti Dannhauser, 'n oud-Magrietjie van 1991-1993 en Jool HK lid in 1992 het 'n paar vrae geantwoord oor die "goeie ou dae". Volgens haar was die gunsteling manskoshuis definitief Sonop, en nodeloos om te sê is haar man 'n 'Sonopper', maar, soos sy self vertel "...die koshuis wat baie Magrietjies op die dag verkies het was Mopanie aangesien dit ons joolkoshuis was. In daardie jare moes ons nog "zoep" om die aandag van 'n manskoshuis te trek en ongelukkig het Sonop met 'n paar stemme verloor. Dit was jammer maar steeds baie pret. Ek dink elke Magrietjie het maar 'n spesiale plek vir die koshuis waarmee hulle jool." Volgens Kirsti sal die beste tradisie in Magrietjie altyd maar die kleur PIENK bly!!!, en alles wat daarmee saam gaan soos huppel en sing...
Fantastiese koshuis, puik vriendinne en wonderlike herinnerings!!!!!